

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 9:1, 2, 7, 8 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer. Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 2 omdat my vyand, hoe gedug, / teruggewyk het en gevlug; omdat hy voor u aanskyn wég is, / en, Heer, my saak deur U besleg is.
- 7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly. Dié wat U soek in stil vertrou, / is by U veilig en behoue.
- 8 Psalmsing Hom wat op Sion troon, / vertel sy roem waar volke woon! Geen bloedsuld waar Hy nie van weet nie, / of hulpgeroep wat Hy vergeet nie.

Gebed

Skrifberyming 5-1:1 (6:1)

- 1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy: / "Vader, ag vergeef hul dit, want hul weer nie wat hul doen nie." / As Hy so sy bede bid, dan weerklink daar, slag na slag, / hamerhoue van die wag.

Skriflesing: Lukas 23:26-43

Kernverse: Lukas 23:34a

Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"
(Lukas 23:34a AFR1983)

Tema: Jesus se gebed vir ons aan die kruis

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om met mekaar te praat en te gesels is een van die basiese en tog een van die belangrikste dinge wat tussen mense gebeur. Dit is immers uit 'n mens se woorde wat jy agterkom watter soort persoon dit is met wie jy te doen het omdat jy iemand eers regtig leer ken wanneer hy met jou praat. En nou is ons mense ook nogal nuuskierig om te weet wat iemand se laaste woorde was. Dit is immers in iemand se laaste woorde wat jy kan hoor watter soort mens hy of sy regtig is. Wanneer die dood 'n mens in die gesig staar, hou alle huigelary op en word die mantel van pretensies afgestroop. Of, in die laaste oomblikke kom die suiwer goud na die oppervlak wat die mens se lewe lank verskuil op die bodem van sy hart gelê het.

Wanneer ons gelowiges na die evangelie luister, kry ons ook die voorreg om die laaste sewe uitsprake van Christus te hoor voordat Hy gesterf het. Hoe belangrik dit ook al vir ons is om die laaste woorde van 'n geliefde te hoor voordat hulle sterf, dit kom nie by die rykdom en grootsheid van Christus se sewe kruiswoorde nie. Daarom is hierdie laaste woorde van ons Verlosser vir ons van die

allergrootste belang, want dit bring die betekenis van die gebeure van daardie Vrydag op Golgota skerp voor ons oë.

Die kruiswoord wat vir ons almal die bekendste is, is die vierde kruiswoord wat ons Here Jesus uit die diepe duisternis van Godverlatenheid uitgeroep het toe Hy gesê het:

My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46 AFR1983)

En die betekenis van hierdie roep ken ons, want by elke nagmaalviering hoor ons dit. Die vierde kruiswoord verdeel ook die sewe kruiswoorde. In die eerste drie kruiswoorde hoor ons hoe Christus sy liefde uitsprei oor sy vyande, oor sy medekruiseling en oor sy moeder. En wanneer die lig oor Golgota weer begin deurbreek na die drie ure duisternis, roep Hy uit oor die ellende wat Hy aan sy liggaam beleef: **Ek is dors** (Johannes 19:28 AFR1983). Nadat die soldate Hom met suur wyn gelaaf het, roep Hy triomfantlik uit: **Dit is volbring** (Johannes 19:30 AFR1983). En Hy sluit af om te sê dat Hy self sy lewe aflê: **Vader, in u hande gee Ek my gees oor** (Lukas 23:46 AFR1983).

Vanoggend vestig die Heilige Gees ons aandag op die rykdom en krag van die eerste kruiswoord. Mag elkeen van ons ook die krag van Christus se gebed aan die kruis in ons eie lewe raaksien, want Hy het dit ook vir ons gebid.

Waar ons vanoggend in Lukas begin lees het, was Jesus al erg mishandel deur sy vyande. Sedert Hy die Donderdagoggend opgestaan het, het Hy nog nie weer geslaap nie. Die Donderdagaand het sy lyding in alle felheid toegeneem. In die tuin van Getsemane het Hy in gebed met sy Vader gepraat. Onder die gebed het sy sweet soos bloeddruppels geword wat op die grond val. Na die gebedsworsteling het die bose magte al hewiger op Jesus toegesak. Sy eie dissipel, Judas Iskariot, verrai Hom. Die ander dissipels het hulleself een na die ander teruggetrek. Daardie hele nag deur word Hy verhoor, eers deur Annas en Kajafas en die Joodse Raad, daarna deur Pilatus, toe deur Herodes, en weer terug voor Pilatus. Valse beskuldigings is teen Hom geprakseer. Hy is in die gesig geslaan en bespoeg. 'n Pers mantel is om Hom gehang en 'n doringkroon is op sy kop gesit toe die soldate met Hom gespot het. Hy is gezesel. En elke keer het Jesus rustig en kalm op die vrae geantwoord.

Nou word sy lydensweg 'n steil afdraande. Hy word weggelei na die plek wat Kopbeen genoem word. Daar het hulle Hom saam met twee misdadigers gekruisig. Sy mishandelde liggaam word op die kruis neergelê sodat sy hande en voete aan die hout vasgespyker kan word. Die soldate wat die spykers deur sy hande kap, het dit al met baie mense gedoen. Hulle weet al hoe die foltering en uiteindelijke verminking van die liggaam die gekruisigde laat vloek en skel. Maar anders as al die ander gekruisigdes, skreeu en vloek en skel hierdie Man nie. Hy bid: **Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.**

Ons Here Jesus se antwoord op al die gespot en beskuldigings, sy antwoord op die hamerslae soos vir 'n misdadiger, is 'n gebed tot sy Vader vir sondaars. Hoewel baie dinge van Hom ontnem is – sy vryheid, sy klere, sy waardigheid – kon hulle nie sy Vader en sy liefde vir die sondaars wegneem nie. Tussen Hom en sy Vader is daar nog altyd die intieme band van Vader en Seun – Hy is steeds God se geliefde Seun. En Hy is nog vas oortuig dat juis hierdie lydensweg sy Vader se wil is om mense te red. Daarom roep Hy na sy Vader, nie om vir verligting van sy eie lyding te smee nie, maar Hy doen 'n beroep op God se Vaderhart vir sy vyande: **Vader, vergeef hulle.**

Geliefdes, wanneer ons in die noutes van ons sondes kom, gebeur dit maklik dat ons sukkel om God nog as ons Vader aan te roep. As ons nie meer die seën van God in ons lewe raaksien nie, raak God vir ons so ver dat ons Hom beswaarlik nog Vader kan of wil noem. Maar in tye van benoudheid sukkel ons nie net om God ons Vader te noem nie, ook die inhoud van ons gebede verrai dat ons God nie meer naby ons beleef nie. Dit is vir ons baie maal reeds te veel gevra om ons linkerwang te draai as

ons teenstander ons op die regterwang geslaan het. Hoe moeilik is dit dan nie vir ons om in daardie intieme oomblikke van gebed ook by God te smee dat Hy ons skuldenaars moet vergewe nie. Dan bedoel ons nie om dit uit gewoonte te vra omdat ons die *Ons Vader* so vlot kan opsê nie, maar om uit diepe geloofserns en met liefde vir ons naaste te smee: Vader, vergeef hulle.

By Jesus was dit egter geen worsteling om so vir sy vyande te bid nie. Hy het nie net gesê: Doen wat Ek sê, nie. Hy het self gedoen wat Hy aan sy dissipels geleer het:

Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg
(Matteus 5:44 AFR1983).

Selfs in hierdie vernedering aan die kruis het Hy volhard in die wil van God deur sy vyande lief te hê. Daarom hoor ons in die evangelie dit so eenvoudig gestel:

Toe sê Jesus: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Hierdie gebed om vergifnis, geliefdes, is tegelyk ruim en begrens. Hoor net hoe ruim is die gebed: **Vader, vergeef hulle.**

Die gebed van ons Here Jesus is ruim, want Hy noem nie spesifieke sondes nie. Hy kies nie sekere sondes uit waarvoor die Vader sy vyande moet vergewe nie. Asof op 'n hoop skraap Hy in liefde al die oortredings, al die opstandigheid, al die gespot en al die verwerping van God se genade bymekaar met hierdie gebed. Daar word nie een sonde, hoe groot en hoe erg dit ook al vir ons lyk, in hierdie gebed uitgesonder nie. Ook die sondes van hulle wat in latere tye tot besef gekom het en sal kom van hulle sonde, is by hierdie gebed ingesluit. Ook ons sondes is daarby ingesluit, sodat niemand ooit weer in vertwyfeling hoef te sê: My sonde is te groot dat dit deur Christus vergewe kon word.

Die gebed is ook ruim in die sin dat Jesus niemand by name uitsluit nie. **Toe sê Jesus: Vader, vergeef hulle.** Ja, natuurlik moet ons nie verstaan dat alle skuld sommer net op die gebed van Christus kwytgeskeld word sonder dat daar geloof en bekering by hulle is nie. Maar met *hulle* bedoel ons Here juis hulle wat deur die Heilige Gees wedergebore word en glo en hulle bekeer; hulle moet vergewe word. Status, geslag, intelligensie, volksverband, of wat ook al is nie die voorwaarde nie. *Hulle* is dan die soldate wat die spykers in sy hande inslaan, die priesters wat spot, die Jode wat Hom met veragting aankyk, die Romeine wat Hom belaglik wil maak. *Hulle* is almal wat vyande van God en sy Seun is of was, ook ons toe ons nog dood was in ons sonde. Ja, ook ek en jy kan ons name in die plek van *hulle* skryf. Elkeen wat nie op sy sondige weg kan volhard nie omdat hy sy sonde besef en ootmoedig voor die kruis neerval, mag deur die geloof die troos van skuldvergifnis uit dié gebed vir homself toe-eien.

Ons moet wel verstaan dat daar tog een sonde is wat nie by hierdie gebed om vergifnis ingesluit is nie. Jesus het immers vroeër self geleer dat die sonde teen die Heilige Gees nie vergewe kan word nie. Dit is op hierdie punt dat Jesus se ruim gebed tog ook begrens is. Hy bid nie net: **Vader, vergeef hulle**, nie. In een asem voeg Hy ook by: **want hulle weet nie wat hulle doen nie.**

Jesus sluit by die *hulle* van sy gebed almal in wat meegewerk het om Hom te kruisig sonder om regtig te besef wie Hy werklik is, sonder om te weet dat Hy waarlik die Christus is, die Seun van die lewende God. Indien Christus se Godheid helder deur sy menslike natuur gesien sou kon word, sou die mense inderdaad met hulle vuil hande na die Wese van God gegryp het om Hom aan die vloek prys te gee. Dan sou dit inderdaad 'n onvergeeflike sonde wees. Maar nou het Christus uit genade sy Godheid skuilgehou agter sy menslike natuur sodat Hy wel met liefde vir hulle kon bid: **Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.**

Geliefdes, Jesus Christus is waarlik ons enigste Hoëpriester. Hy het nie net as Hoëpriester daardie Vrydag op Golgota geoffer nie, Hy het Homself ook nie net as die Lam van God geopenbaar met sy selfofferande nie. Hy het ook vir sy vyande voorbidding gedoen. Maar juis omdat Hy Homself aan die kruis geoffer het, kon Hy so bid. Jesus se stem kon aan die kruis vergifnis vir ons sondes vra, want die stem van sy bloed het tot voor die troon van God opgeklim om te betuig dat aan die geregtigheid van God voldoen is. Christus het die volle straf gedra wat vir ons vrede bring. Hy het gewis vir ons gebid, maar die krag van hierdie gebed is in sy lyding gegrondves.

Daarom kon Petrus enkele dae na die uitstorting van die Heilige Gees aan die Jode wat ook meegewerk het aan Christus se kruisiging en wat tot besef van hulle sonde gekom het, sê:

Julle het Jesus doodgemaak, maar nou weet ek dat julle net soos julle leiers in onkunde gehandel het. (Handelinge 3:15, 17 AFR1983)

Petrus het hierdie Jode ook onder die beskerming van Christus se gebed ingebring. En wanneer Paulus homself aankla en brandmerk as 'n godslasteraar, vervolger en verdrukker, roep hy ten slotte uit:

Maar God was genadig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen nie. (1 Timoteus 1:13b AFR1983)

Op grond van Christus se bloed en die Gees se werk in hom, weet Paulus dat hy ook een van die *hulle* is vir wie Jesus aan die kruis gebid het.

Die grens van Jesus se gebed aan die kruis is voorwaar ruim gelê. So ruim gelê dat elkeen wat deur die genade van God verlig word, die afgrysligheid van sy sonde kan leer ken as opstand teen God. En onder die sware skuld met droefheid in sy hart kan hy fluister: Here, ek is skuldig. Ek het nou eers geleer hoe erg my sonde werklik is. Vroeër het ek nie geweet dat my sondes so groot is dat u Seun sy lewe moes gee om my daarvan te verlos nie.

Maar noudat ons dit weet, geliefdes, laat ons nie ver van Golgota af staan nie. Wie gebroke is deur sy sondebef, hoef nie te twyfel oor die weg van verlossing nie. Wie homself as 'n oortreder sien vir wie Jesus ook gebid het, mag opkyk na Hom aan die kruis en weet dat daar by God vir hom oorvloedige vergifnis is ter wille van Christus. Dit is troos, want dit is nie net 'n moontlikheid of 'n waarskynlikheid dat God ons op grond van Jesus se lyding en gebed vergewe nie, dit is 'n volkome werklikheid vir elkeen wat gebroke van hart is. Dit is troos, want die sekerheid van ons vergifnis is nie op ons wankelrige gebede gebou nie, maar op ons regverdige Verlosser se kragtige gebed. Dit is nogeens troos, want toe ons nog vyande was en Christus onwetend verwerp het, het die gebed van Christus reeds opgegaan, die gebed wat altyd verhoor word: **Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.**

Ja, Christus se gebed word altyd verhoor, so het Hy eenkeer self in gebed by die graf van Lasarus gesê. So ruim as wat Jesus se gebed is, so ruim is die verhoring daarvan. Die verhoring van Jesus se gebed aan die kruis het, aan die een kant, nie dadelik sigbaar geword nie. Die verhoring daarvan het vir die Joodse volk eers duidelik geword in God se opskorting van die oordeel oor Jerusalem. God het die verwoesting van Jerusalem en die tempel vir veertig jaar teruggehou sodat elke verontskuldiging van die Jode weggeneem kon word en sodat hulle Jesus werklik kon leer ken as die enigste weg tot verlossing.

Tog, aan die ander kant, het God ook Jesus se gebed kort na die gebeure op Golgota verhoor. Aan die voet van die kruis het 'n Romeinse offersier gestaan. Toe hy sien wat gebeur het, het hy God geprys en gesê: **Hierdie man was werklik onskuldig** (Lukas 23:47 AFR1983). En die skare wat saamgedrom het om na die skouspel te kyk en gesien het wat daar gebeur het, het na Jerusalem teruggekeer en op hulle bors geslaan. God het reeds dáár Jesus se gebed verhoor deurdat daar by die Romein sowel as by die skare berou gekom het.

Maar die verhooring van dié gebed het eers sewe weke later behoorlik sigbaar geword toe die mense na Petrus se preek op Pinksterdag berouvol en ootmoedig vra: **Wat moet ons doen, broers?** Petrus het hierop geantwoord:

Bekeer julle en laat julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang (Handelinge 2:37, 38 AFR1983).

En op daardie dag het die Here drie duisend mense – in antwoord op Jesus se gebed – by die gelowiges gevoeg.

Tot vandag toe verhoor die Vader Jesus se gebed aan die kruis. Ons is getuies daarvan; ons is die vrug daarvan dat God Jesus se gebed verhoor. Jesus het immers ook vir ons aan die kruis gebid.

Elke sondaar wat met geloof begenadig word, het dit aan Christus se gebed te danke – 'n gebed wat Hy nou nog vir ons bid. Elkeen wat in skaamte die naam van oortreder aanvaar en nie op grond van sy onkunde hom wil verontskuldig nie, mag homself insluit by die *hulle* in Jesus se gebed.

Geliefdes, by al die baie dinge wat ons nie weet nie, weet ons tog vandag dat God in Christus groot van goedertierenheid is, want ons het aan die voet van die kruis kom staan. En in die geloof het ons na Christus opgekyk; daarom kan ons ook die salige woorde – Jou sonde is vergewe – ons eie maak.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (10: 1, 2, 5, 6)

- | | | | |
|---|--|---|---|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?
Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem? | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyd vir ons wil bid. |
| 5 | Maar nee, ons sal oorwinnaars bly
deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,
geen eng'lemag, bo-menslik groot, | 6 | geen skepsel in die skepping wyd,
geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei
wat ewig-vas in Christus bly. |

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 April 2012